

15 November

Habakuk 3:17-19

Nogtans jubel!

Wanneer 'n mens jou seëninge getel het, is dit gewoonlik makliker om positief oor die lewe te voel en die Here te loof. Maar dis 'n totaal ander storie as jy jou seëninge begin tel en al wat jy tel is ellende, onsekerheid en teëspoed. Sal jy dan nogtans in die Here kan jubel? Dis wat Habakuk gedoen het.

In hoofstukke 1 en 2 hoor ons hoe hy met die Here worstel oor alles wat in sy land en sy lewe so verkeerd loop. Dit is ook vir jou en my belangrik om nie in ons twyfel en lewensvrae te gaan lê nie, maar dit na die Here toe te bring en aan Hom vas te gryp - al is dit al worstelende. Dis dan wanneer jy soos Habakuk in Hab. 2:20 in die Here se teenwoordigheid tot berusting kom met die wete: Die Here is in beheer, al verstaan ek nou nie alles nie. Miskien is dit tyd dat jy die Here se werklikheid op 'n dieper vlak begin belewe en Hom sal raaksien in meer dinge as net sy seëninge en sy sekuriteit. Kom leer om saam met Habakuk te sê: "Al sou die seëninge en voorspoed ophou, *nogtans* sal ek in die Here jubel; nogtans sal ek in die geloof bly vashou en deur die sigbare werklikheid kyk om 'n ander werklikheid te sien: die Here is by my". So kruip jy uit jou gereserveerde pessimistiese dop en jubel en juig omdat die Here self jou krag is. En dan beleef jy hoedat Hy deur sy Gees sy krag in jou laat werk sodat jy oorwinnend vir Hom kan leef en jou moeilike omstandighede kan hanteer. As Christen werk dieselfde krag in jou as dié waarmee God Christus uit die dood opgewek het en Hom aan sy regterhand laat sit het (Ef. 1:19-20). Wanneer jy dit ontdek en beleef, kan jy alles jubelend hanteer met 'n *nogtans-geloof!*

Sing: Psalm 91:2,6

Dr. J.W. Oostenbrink (Delarey)